



## Hoërskool McLachlan

Posbus 3  
Joubertina  
6410



042-273-1335  
042-273-1210  
info@hsmclachlan.co.za  
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 12/06 2020

Geagte Ouers/Voogde

### 1. Personeelaangeleentheid:

Ons verwelkom mnr. Willie Boshoff wat voortaan Lewensoriëntering vir gr. 10 – 12 en English FAL vir gr. 7-9 gaan onderrig. Ons vertrou dat hy baie gelukkig sal wees en wens hom alle voorspoed toe.

### 2. Covid-19:

Ouers moet asseblief seker maak dat kinders met die regte masker skool toe kom. Geen leerder sal op die skoolterrein toegelaat word sonder 'n masker nie.

Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus wees met 'n masker.

'n Leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende simptome toon:

- Koors
- Hoes
- Rooi oë
- Asemhalingsprobleme
- Liggaamspyn
- Moegheid of swakheid
- Verlies aan reuk en smaak
- Naarheid
- Braking

Ouers moet die skool dadelik hiervan in kennis stel en 'n kliniek- of doktersertifikaat skool toe stuur.

### 3. Datums vir die terugkeer van ander grade:

- ✓ 6 Julie: Grade 1, 2, 3, 6, 10 en 11
- ✓ 3 Augustus: Grade 4, 5, 8 en 9

### 4. Aangepaste skoolkalender 2020:

Kwartaal 2: 8 Junie tot 7 Augustus  
Kwartaal 3: 12 Augustus tot 23 September  
Kwartaal 4: 5 Oktober tot 15 Desember

## 5. Toelatings – 2021:

Die aansoekvorms om toelating vir gr.1 word Maandag, 15 Junie, by die onderskeie kleuterskoolpersoneel afgegee. Aansoeke moet asseblief so spoedig moontlik, maar nie later as **17 Julie 2020**, by HS McLachlan ingehandig word. Neem asseblief kennis dat daar 'n beperkte aantal plekke vir 2021 beskikbaar is.

Aansoekvorms vir die res van die grade is by die skool beskikbaar. Indien u enige navrae het, skakel gerus mev. Daleen Strydom. Sluitingsdatum: 23 September 2020.

## 6. Klerewinkel:

Die klerewinkel is slegs op Donderdae vanaf 14:00 tot 14:30 oop. Serpe en musse is op uitverkoop. R30 elk. Beperkte voorraad beskikbaar.

## 7. Finansies:

Die skoolfondsrekenings is die week aan ouers gepos, aangesien dit nie, behalwe vir gr. 12 en 7, per hand uitgegee kon word nie. Ons rig weereens 'n dringende versoek aan ouers om die verskuldigde skoolfonds tot op datum te vereffen. HS McLachlan se onderwysers het gedurende die grendeltyd baie hard gewerk om die leerders op datum te hou met die kurrikulum. Die skool is afhanklik van skoolfonds om onderwysers en werkers in beheerraadsposte se salarisse te betaal, asook vir diverse uitgawes vir die doeltreffende funksionering van die skool.

Ons het groot waardering vir ouers wat steeds getrou skoolfonds betaal, selfs te midde van moeilike finansiële omstandighede. HS McLachlan maak staat op u samewerking in die verband.

Bankbesonderhede: ABSA Joubertina

Takkode: 334415

Rekeningnommer: 1970 430047

**Verwysing: Ouer se naam en van  
Die verwysing is baie belangrik.**

Ouers moet asseblief daarop let om die korrekte verwysing te gebruik wanneer 'n deposito op die skool se bankrekening gemaak word. **Die verwysing moet die kind/ouer se naam en van bevat.**

Die volgende deposito is onbekend: 2 April 2020: Deposito R7250,00

Verwysing op bankstaat: F1579

**Laat weet mev. Mattheus asseblief indien u die deposito gemaak het.**

## 8. Grannor Passi-projek:

Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons sy voortbestaan kan verseker.

9. **WEN 'n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**

Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **7 Augustus 2020.**

- ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
- ✓ Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
- ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in Augustus aangewys.

*S. Pienaar*

S. PIENAAR

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Fax: +27 (0) 42 273 1210



Hoërskool McLachlan

INTERNET  
GENERATION



Wireless Internet  
www.igen.co.za

McLachlan Internet Fasiliteit